Maart / March 2023

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Hebreërs 11:1 "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie".



*Lukas Lategan; Skimmelkrans Boerdery*

# DIE 2022 GRAANSEISOEN




Henry Gale, Senior Bestuurder: Graan

Die 2022 oesjaar was, soos in 2021, weer 'n groot verrassing vir SSK. Ons het die oesjaar afgeskop met min reënval in die SSK bedieningsgebied tydens planttyd en deurlopende droë toestande het geheers tot en met oestyd. Die oes was vroeg vanjaar en die eerste graan is alreeds op 16 September 2022 gelewer. Teen einde Oktober was 90% van die 2022 oes alreeds in SSK Silo`s ontvang.


Die graan was aansienlik droër teenoor 2021 se oesjaar met die gevolg dat SSK deurlopend maksimum ontvangstempo kon handhaaf en sodoende die oes ook baie vinniger kon inneem. Latere ontvangstes van graan vanuit die Mosselbaai en Herold omgewing het plaasgevind tot einde Desember 2022 en daar word nog steeds graan gelewer uit dié gebiede ten tye van die skrywe.

Slegs 22% van die 2022 oesjaar se graaninname was nat teenoor die 68% van die 2021 oesjaar. Opbrengste op meeste van die gewasse was verbasend beter as wat ons aanvanklik geskat het, gegewe die min reën wat geval het. Die droë toestande het ook daartoe bygedra dat die proteïene verspreiding op ons koringgrade vanjaar beter was as in 2021.

Die moutgars oes was ook van beter gehalte vanjaar ten spyte van 'n verwagting dat stikstof hoër gaan wees weens droogte toestande en die bekommernis van opslag koring wat die graad van moutgars kon afdruk. Weens die droër oes kon SSK die moutgars inneem en is daar min moutgars afgradeer na voer, om sodoende vir ons lede die maksimum voordeel van 'n moutgraad te kon gee.




Koring graad samestelling





Gars graad samestelling

Daar was geen kwaliteit probleme op Kanola ondervind nie en vanjaar is minder hawer ontvang. Van die ontbythawer wat wel ontvang is, was van 'n beter kwaliteit as die 2021 oesjaar met 'n gemiddelde skepel massa van 52hlm.


SSK het 309 354 ton graan ontvang vir die 2022 oesjaar teenoor 2021 se 420 792 ton vir die ooreenstemmende tydperk tot einde Desember.

Alhoewel minder tonne ten tye van die skrywe ontvang is, is daar nog heelwat voorraad in plaas opberging wat ingery word na die silo`s en die 2022 ontvangste sal waarskynlik nader aan 320 000 ton eindig .

**Totale lewerings:**




**Hieronder volg die lewering per depot:**




Meeste van ons silo`s se vaste kapasiteit is 100% benut en met die hulp van SSK se logistieke afdeling is daar strategies tonne tussen silo's geskuif tydens inname om vir ons lede dit moontlik te kon maak om by sekere silo`s hulle graan te kon lewer.

SSK kon vanjaar vroegtydig oordrag moutgars skuif na ons Ashton silo ten einde genoegsame spasie te kon skep vir ontvangstes in die Heidelberg-, Karringmelksrivier- en Swellendam silo's. 800 Silosakke is tussen ons silo`s benut om oordrag-graan vir die korttermyn te kon berg.

Die kapasiteit uitbreiding projekte te Swellendam en Protem was van groot waarde vanjaar en met die beoogde uitbreidings vir 2023, sal die inname kapasiteit by SSK verder aansienlik verbeter .

Die 2022 oesjaar het sy uitdagings gehad in terme van min reën en beurtkrag tydens inname, maar ten spyte daarvan is ons baie dankbaar vir 'n goeie oesjaar.

Ons wens al ons produsente 'n goeie 2023 oesjaar toe.

*- Henry Gale*
*Senior Bestuurder: Graan*

# DIE RYKE ÉN KLEURRYKE GESKIEDENIS VAN DIE BARRY'S IN DIE SENTRAAL- EN SUID-KAAP



Die Barry's: Tristan-Daniel, Mariëtte, Lexi, Jonathan en Matthew voor die ou opstal by Lismore.

Tydens die SSK Algemene Jaarvergadering van Julie 2020, word Jonathan Barry verkies tot die Direksie. Dit was vir hom 'n groot oomblik, want hy het besef hy dra die ryk tradisie voort wat sy voorvader Joseph Barry in die 1800's in die Sentraal- en Suid-Kaap begin het. So was oupa Dennis Barry van 1944 tot 1953 op die Direksie van SSK en hy was ook een van die stigterslede van die Langeberg Koöperasie Bpk. Jonathan self dien ook op die bestuur van die Wes-Kaap Melkprodusente Organisasie.

Ek kuier by Jonathan op die ou familieplaas, Lismore, naby Suurbraak, in die oorspronklike kantoor waar elke voorvader sedert die 1840's beplan en gewerk het. Die fondamente van die huis is in 1734 gegrawe en Jonathan is die 6de geslag Barry op die plaas waar hy met Jerseys en vleisbeeste boer. Die 2 Rhodesiese Rifrugte, Zach en Rufus, lê by my voete terwyl Jonathan vertel hoe hy as klein seuntjie grootoog geluister het na die wedervaringe en avonture van sy oeroupa Joseph.

Joseph Barry, van Ierse oorsprong, is gebore op 1 April 1796 in Londen. As jongman werk hy in die wynbedryf in Frankryk en Spanje en word vir 'n kort tydjie krygsgevangene toe Napoleon hom aansien vir 'n spioen van Engeland. Sy eerste ontmoeting met die Kaap van Goeie Hoop is in 1817 as wynuitvoeragent. Op 23-jarige ouderdom besluit hy om permanent Kaap toe te trek, min wetende dat hy in sy nuwe streek van herkoms 'n omwenteling in die landboubedryf sou bewerkstellig.

> *"Joseph Barry sou trots gewees het op die Overberg en sy nageslag."*

Gedurende 1819 tot 1822 het die Overberg onder 'n geweldige droogte en hongersnood gebuk gegaan. In daardie dae moes boere van die streek, produkte soos graan, wol en rys per ossewa van Kaapstad af na die Overberg vervoer wat sake vererger het. Joseph wen op daardie stadium die tender vir die vervoer van die produkte en entrepreneur wat hy was, leen hy £5000 by die destydse goewerment (wat in daardie tyd baie geld was). Met die geld stig hy die Port Beaufort Trading Company en die Barry Trading Company, hy vestig hawens by Port Beaufort en Malgas en huur die "cutter" Duke of Glouchester om landbou produkte na en van Kaapstad by die huidige Witsand op- en af te laai. In 1934 laat hy sy twee neefs Thomas en John uit Engeland kom en sy maatskappy heet nou Barry and Nephews. Op daardie stadium het hulle 'n algemene handelaar, wolstoor, hotel, bottelstoor en ammunisiehuis in die destydse Malagas, wat later Malgas geword het, bedryf.

In 1859 bestel Joseph 'n doelgemaakte stoom- en seilskip, die SS Kadie vanuit Skotland wat in die Breederivier tot by die Malgaspont kon vaar en die neefs word nou "the princes of the port" genoem. Dit is 'n tydperk van ongekende welvaart met die Kadie wat amper soos 'n hedendaagse "takealot-koerier" produkte na en van Londen, Kaapstad en Malgas vervoer het. Barry handelswinkels spring op in die Tuinroete waar die huidige SSK-streek is en selfs anderkant die Langeberge in Worcester, Robertson, Montagu, Barrydale, Ladismith en Calitzdorp floreer die Barry's. Die huidige Protea Hotel in Mosselbaai-hawe was een van hierdie geboue. Die voorspoed was ook sodanig dat hulle onder die lisensie van 'n handelsbank in Londen ponde laat druk het om ruiltransaksies tussen hulle en die boere te vergemaklik en so word Cape of Good Hope-bank gestig. Van die oorspronklike ponde pryk op die mure van die ou kantoor op Lismore en ook in die Drostdy museum in Swellendam. Barry House, vandag steeds in Swellendam, was hulle bank, oftewel "counting house", soos dit destyds genoem is. Ongelukkig sink die Kadie op 'n sandbank in die Breederivier in November 1865 en Barry and Nephews ontbind in 1871, maar Joseph het nog vele avonture beleef onder andere as 'sheriff' en parlementslid.

Jonathan beklemtoon dat die Barry's nog altyd teruggeploeg het in die gemeenskap. In 1849 bou Joseph die Barry Memorial Church in die huidige Witsand waar ook Jonathan en sy vrou Mariëtte getroud is. Later volg die NG gemeente in Malgas in 1859 en die Anglikaanse kerk in Swellendam. Joseph het na Swellendam verwys as "a small and inconsiderable place", want daar was net een winkel toe hy hom daar kom vestig het. In 1864 reël hy die eerste "Great Western Province Agricultural Exhibition" daar, en Swellendam gaan van krag tot krag. In Maart 1865 sterf Joseph op 69-jarige ouderdom en laat 'n nuwe, welvarende Overberg agter.

Jonathan vertel hoe hy dikwels op hul strandhuis in Witsand se stoep sit en hom probeer indink hoe dit destyds moes gewees het om die SS Kadie te sien inkom deur die mond van die Breederivier. Joseph Barry sou trots gewees het op die Overberg en sy nageslag.

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*

FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# FRANCOIS LOOTS

## Hoofbestuurder: Kommersieel

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is 'n boorling van Prieska in die Noord-Kaap, maar matrikuleer in 1993 aan hoërskool Durbanville. Ek ontmoet vir Maggie in 2000 en in 2001 is ons getroud. Ek en Maggie het nie kinders nie, maar het 'n groot liefde vir diere en sal jy altyd 'n Jack Russell of twee by ons sien. Ek jag graag, probeer visvang en gee voor, ek speel gholf. Maggie is lief vir kosmaak, skilder en hou daarvan om tuin te maak.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is baie lief vir die natuur en buitelewe en sal elke geleentheid gebruik om die mooi van ons land te besoek en te verken, veral die verskillende Sanparke. Ons gunstelinge parke is die Kgalagadi en Kruger. Ons kamp graag en hou daarvan om 4x4 ekskursies aan te pak en veral die res van die Suider-Afrika lande so te besoek.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

My loopbaan begin in 1996 by die destydse WPK (vandag Kaap Agri) in Durbanville as Handelsklerk. In 1997 is ek bevorder na Assistent Takbestuurder by Stellenbosch Agrimark en in 2001 word ek aangestel as Takbestuurder te Paarl Agrimark. In 2009 word ek bevorder na Hoofbestuurder: Noord-Kaap streek en ons verhuis na Upington. In 2015 het ek vir Kaap Agri na hul Namibië belange ook omgesien. In 2016 sluit ek aan by die VKB groep as Uitvoerende Hoof: Handel Vrystaat en in 2019 word ek verplaas na Limpopo om na die belange daar om te sien. Ek was ook bevoorreg om te dien op 3 direksies van die VKB groep se filiale nl. VKB Fuels, Crown Bag en Farm Pack tot einde Oktober 2022 waarna ek by die SSK span aangesluit het.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek dink nie een van my prestasies tot op hede is die toedoen van my as persoon nie, maar eerder van die kollektiewe spanne waarbinne ek kon funksioneer. Hulle sê mos een speler kan nie die wedstryd alleen wen nie. Ek was bevoorreg om deel van verskeie dinamiese spanne te wees in die verlede. Spanne wat groei- en omkeer strategieë baie goed gedryf het en groot suksesse kon behaal. Die groei in Limpopo van R50m na R100m netto wins in minder as 3 jaar, en vulstasies wat kon groei van 100 000L per maand na meer as 900 000L per maand is maar enkele voorbeelde. Prestasie meet ek eerder aan kliënte tevredenheid. Jou kliënt/produsent sal jou sekerlik beloon met voortgesette ondersteuning, mits jy goed is vir hom of haar.



Francois en Maggie Loots

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

SSK is 'n mooi landbou besigheid wat al vir meer as 90 jaar sake doen en steeds jaarliks groei. Die koöperasie model is daarin gesetel om waarde vir die produsent te ontsluit en om die produsent te ondersteun om van sy boerdery besigheid 'n sukses te maak, sodat dit wat hy opgebou het oor tyd met sekerheid sal kan voortbestaan. Ek sien myself as deel van die span wat daardie doel uitleef, ondersteun, groei en vertroetel. SSK speel 'n belangrike rol in die platteland, en in die groter stedelike gebiede, vir die verskaffing van algemene handelsware en dienste aan die produsent en groter publiek. Ek sal graag wil seker maak dat ons dit groei en dieper in almal met wie ons besigheid doen se harte inkruip sodat SSK ALMAL se voorkeur handelsvennoot sal wees en sal bly.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Sean Walsh het destyds by Kaap Agri vir my gesê, "Moenie aanvaar dinge gaan net gedoen word of gebeur nie, dis jou werk om seker te maak dit kom tot uitvoering". Uys de Jager het ook toe ek nog Takbestuurder in die Paarl was raad gegee: "Moenie dat die klein jakkalsies jou byt nie" – met ander woorde moet niks oorsien as onbelangrik nie.


DER KELDERMEISTER

**TOP 10 WINES**

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. Jakkalsvlei Pinotage
4. Van Loveren Sauvignon Blanc
5. Jakkalsvlei Chenin Blanc
6. Springfield Life From Stone Sauvignon Blanc
7. Beyerskloof Pinotage
8. Van Loveren Neil's Pick Colombar
9. Du Toitskloof Merlot
10. Bon Courage Blush Vin Doux


### SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) / BROAD BASED BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT (BBBEE)

SSK se nuuste SEB telkaart is in November 2022 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 8 is behaal ingevolge die Agri-Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenlike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

**Contact Andre Joubert at 028 514 8642 / andre.joubert@ssk.co.za or Koos van Zyl at 028 514 8703 / koos.vanzyl@ssk.co.za in this regard.**

# SSK PAKMATERIAAL IN DIE LANGKLOOF



DANK AAN ONS PRODUSENTE

Die SSK Pakmateriaal-span te Haarlem wil graag van die geleentheid gebruik maak om elke lid en kliënt te bedank, vir u lojale ondersteuning. Ons is bewus van die talle uitdagings tans in die vrugtebedryf en wens u alle sterkte toe vir die res van die seisoen.

SSK Pakmateriaal word bedryf vanuit Haarlem in die Langkloof vanwaar hoë kwaliteit verpakkingsmateriaal versprei word. Ons missie is om aan u 'n goeie kwaliteit produk teen 'n mededingende prys met uitstekende diens te kan lewer.

ONS SPESIALISEER IN:

Die verskaffing en verspreiding van vrugte-, groente, blom- en industriële riffelkartonne asook houtpalette, plakkers-, plastiek, pulp en polistereen produkte.

Aflewerings word landwyd gedoen. Vir enige navrae rakende u verpakkingsbehoefte, kwotasies en kundige raad skakel ons gerus by:

SSK Pakmateriaal Haarlem Langkloof Kantoor : Tel: 044 763 1088
Jaco Jonker: Selfoon: 082 821 2138 of e-pos jaco.jonker@ssk.co.za
Gerhard Coetzee: Selfoon: 083 297 9707 of e-pos gerhard.coetzee@ssk.co.za

# SSK SAADPRYSE 2023

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KORING | SST 056 | 50 kg | R 615.00 | 12.30 |
| | SST 0117 | 50 kg | R 615.00 | 12.30 |
| | SST 0147 | 50 kg | R 615.00 | 12.30 |
| | SST 0166 | 50 kg | R 615.00 | 12.30 |
| | SST 0187 | 50 kg | R 615.00 | 12.30 |
| HAWER | PALLINUP | 25 kg | R 285.00 | 11.40 |
| | DUNNART | 25 kg | R 290.00 | 11.60 |
| | SSH 491 | 50 kg | R 555.00 | 11.10 |
| | SSH 405 | 50 kg | R 555.00 | 11.10 |
| | SSH 4185 | 50 kg | R 555.00 | 11.10 |
| | SSH 4186 | 50 kg | R 555.00 | 11.10 |
| | SAIA | 25 kg | R 444.50 | 17.78 |
| | HORSEPOWER | 50 kg | R 1 000.00 | 20.00 |
| | SIMONSBERG | 50 kg | R 840.00 | 16.80 |
| | SADDLE | 25 kg | R 510.00 | 20.40 |
| | WIZARD | 25 kg | R 500.00 | 20.00 |
| | MACNIFICO | 25 kg | R 512.50 | 20.50 |
| CANOLA | BLAZER TT | 20 kg | Latere Kennis | - |
| | ALPHA TT | 20 kg | R 12 950.00 | 647.50 |
| | QUARTS | 20 kg | R 9 500.00 | 475.00 |
| | 43Y92 | 20 kg | R 10 461.58 | 523.08 |
| | 44Y84 | 20 kg | R 8 236.98 | 411.85 |
| | EQUINOX | 20 kg | Latere Kennis | - |
| | DIAMOND | 20 kg | R 9 900.00 | 495.00 |
| | HYOLA 91117 | 20 kg | Latere Kennis | - |
| | HYOLA 90013 | 20 kg | Latere Kennis | - |
| | 45Y94 | 20 kg | R 10 685.98 | 534.30 |
| | 45Y97 | 20 kg | R 10 787.98 | 539.40 |
| | 45Y95 | 20 kg | R 10 787.98 | 539.40 |
| VOERERTE | ASTRONAUTE | 25 kg | R 537.50 | 21.50 |
| | AVRIKA | 25 kg | R 485.75 | 19.43 |
| KOROG | US 2019 | 25 kg | R 248.50 | 9.94 |

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| GARS | SKG 9 | 50 kg | R 560.00 | 11.20 |
| | HESSEKWA | 50 kg | R 550.00 | 11.00 |
| | KADIE | 50 kg | R 550.00 | 11.00 |
| | BITOU | 50 kg | R 550.00 | 11.00 |
| LUPIENE | MANDELUP | 25 kg | R 281.25 | 11.25 |
| | SSL 10 | 25 kg | R 242.50 | 9.70 |
| | LILA B | 25 kg | R 412.50 | 16.50 |
| | BITTER GEMENG | 25 kg | R 273.50 | 10.94 |



*Gerdus Steyn*
*Saad Afdelings Bestuurder*

## SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen:
- Koring - Dividend Extreme beheer teen stinkbrand, losbrand, saailingverwelk en wortelvrot
- Gars - Redigo beheer teen bedekte brand en losbrand
- Hawer - Shavit beheer teen losbrand

Die volgende behandelings word op versoek van produsente gedoen:
- **Imidakloprid** behandeling op koring, gars en hawer @ R73.50/50kg sakkie
- **Biocult** behandeling @ R80.25/50kg op koring en R106.75/50kg op gars
- **Galmano** behandeling op koring @ R245/50kg sakkie
- **Flite** behandeling @ R50.50/50kg op koring en R63/50kg op gars
- **Celest Top** behandeling op koring en gars @ R130/50kg

- **Imidakloprid** - Beheer teen russiese koringluis
- Beheer van russiese koringluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van Imidakloprid te bevorder
- **BIOCULT** is ñ mikrobiese grond inokulant wat wortelgroei stimuleer, opbrengs en kwaliteit verhoog.
- **Galmano** - Onderdrukking van vrotpootjie en blaarroes, losbrand en stinkbrand
- Onder normale omstandighede sal Galmano blaarroes beheer vir n periode van ongeveer **8 weke** na opkoms.
- **Celest Top** - Beskerming tov saailingverwelk en wortelvrot op gars en koring
  Beskerming teen plantluise en draadwurms op gars
  Beheer teen stinkbrand en losbrand op koring

***Enige saad-verwante navrae kan gerig word aan:***
Gerdus Steyn, Saad Afdelingsbestuurder
sel: 082 521 4515 / e-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za

**Hessequa ABATTOIR** *die tuiste van kwaliteit lam*

**Hessequa Abattoir is groothandel vleisverskaffers in Riversdal, Wes-Kaap wat slag en vleisprodukte versprei na verskeie slaghuise en groothandelaars in Suid-Afrika. Hessequa Abattoir is Halaal-goedgekeur deur SANHA.**

Adres: Mulderstraat, Riversdal
GPS koördinate: 34.0928118, 21.2479048

**Kontak details:**
Anton Swart
Tel : 082 309 8608 (Kantoor)
Sel : 082 443 1740
Faks:028 713 2257

JC Swart
Sel: 076 658 2484
E pos: hesabattoir@outlook.com of
jcslaghuis@gmail.com

**Webblad: www.hessequaabattoir.co.za**

**Eureka Mills**

Where The Magic Is Made!
At Eureka Mills, we are extremely selective about growing our wheat, which means that although it is illegal to plant GMO wheat in South Africa, the local farmers who grow our wheat uses non-GMO varietals.

No Roundup or Glyphosates are sprayed onto the crops that are grown to make Eureka Mills' flour, and annual test are conducted to validate these statements, as well as the overall wheat quality.

**www.eurekamills.co.za**





**TECHNIFARM**

**PRESISIE BOERDERY DIENSTE**

- Plaasopmeting
- Grondmonsters (chemie en gesondheid)
- Kunsmisaanbevelings
- Infrarooi Lugfotos, satellietbeelde (NDVI)
- Spuit/strooierbeheerders, autosteer
- Monitoring van gewasse
- Opbrengsdata verwerking
- Plantervoorskrifte



Tel : 028-514-3140
data@technifarm.co.za
www.technifarm.co.za



# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | NOV 2022 | DES 2022 | JAN 2023 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 104 | 93 | 102 |
| Albertinia | 6 | 73 | 77 |
| Ashton | 10 | 125 | 22 |
| Avontuur | 9 | 92 | 53 |
| George | 10 | 102 | 87 |
| Heidelberg | 16 | 67 | 49 |
| Herold | 2 | 54 | 26 |
| Joubertina | 31 | 54 | 23 |
| Karringmelks | 14 | 59 | 41 |
| Knysna | 9 | 79 | 97 |
| Misgund | 2 | 91 | 37 |
| Mosselbaai | 8 | 94 | 111 |
| Protem | 11 | 111 | 26 |
| Plettenbergbaai | 34 | 96 | 67 |
| Riversdal | 7 | 109 | 27 |
| Swellendam | 11 | 106 | 26 |
| Uniondale | 0 | 75 | 7 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# DIE GOEIE OU DAE: OESTYD IN RIVERSDAL



In die dae voor die silo's op Riversdal in 1975 gebou is, moes boere hulle graan in sakke by die graanstoor gaan aflaai. Soms het daar tot 22 vragmotors, (1km lank) in die ry gewag. 3 Ton lorries is gebruik wat 65 sakke koring op 'n slag kon laai.

Martiens Wessels van Riversdal het dikwels sommer met die hand besluit die koring is nog nat en boere moes dan noodgedwonge die koring op seile uitgooi om droog te word. Later is 'n "masjientjie" gebruik wat met 'n blou vlam gewys het as die koring se voginhoud meer as die toegelate persentasie was. Die toetsproses het 45 minute geduur en almal in die ry moes maar gelate wag.


Die boere het al te lekker op dié dae ure onder die bome gesit en vleis gebraai. Soms het hulle 'n "afgekeurde nat vrag" by die kerkhof gaan los het en dan het dieselfde vrag die middag net voor 17:00 die toets geslaag.

Skoolkinders het in die rye voor die graanstoor snags op die wa onder leë blounaat sakke geslaap om soggens 6 uur as hulle oopmaak die vrag vorentoe te kan beweeg, anders moes 'n man weer agter gaan inval.

Die silo in Albertinia is vroeg in 1976 voltooi. Lede het soos een man opgedaag om te help gruis pak met trekkers, platbakwaens, wipbakwaens, wipbakvragmotors en laaigrawe. Van sonsopkoms tot sonsonder is gruis aangery en vasgerol voor die teerblad gegooi is. Volgens vorige geskrifte was dit 'n "genotvolle gekuier van vroeg tot laat".

Ja dit was die goeie ou dae!

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*



**'n Deel van die sakskuur in Albertinia met die graansilo in die agtergrond. (circa 1976)**



**SSK het onlangs die 1930 dorsmasjien aan die Drostdy-museum in Swellendam geskenk.**

SSK

# LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Laetitia Groenewald, Ronald Pekeur
**25 JAAR:** Maria Saayman, Jolene Cordier
**20 JAAR:** Micheal Rossouw, Sonja Jacobs, Marianne Beyers
**15 JAAR:** Emmie Jackson, Sara Venter, Wayne Pietersen
**10 JAAR:** Annel Barkhuizen, Gqomo Winston, Paul-John van Heerden, Lizel Saunders, Rachel Swart, Gavin Beeton, Betinea London, Danie Bronn, Martin Pretorius, John Dednam, Jacobus van Wyk



**Emmie Germishuys (Senior Bestuurder: Finansies) wens Laetitia Groenewald (Admin beampte, Mosselbaai) geluk met 30 jaar diens.**



**Villiers van Veen, (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) wens Ronald Pekeur (Handlanger, Elektries) geluk met 30 jaar diens.**



**Diaan Oosthuizen (Krediet Bestuurder) wens Maria Saayman (Admin beampte: Krediet) geluk met 25 jaar diens.**



**Emmie Germishuys (Senior Bestuurder: Finansies) wens Jolene Cordier (Admin beampte: Krediteure) geluk met 25 jaar diens.**

## DIE MANNE KUIER SAAM BY DIE HEIDELBERG LANDBOUSKOU



Agter v.l.n.r.: Japie Coetzee, Lafras Uys, Dirk van Papendorp, Piet (Takkies) Uys, Johannes Joubert, Hennie Steyn, Erenst Pelser, Pietman Lourens. Voor v.l.n.r.: Villiers van Veen, Pieter Malan en Francois Swanepoel.

## SSK BLY OP HOOGTE



Francois van Wyk (PSG), Prof Dirk Kotze (UNISA) en Francois Swanepoel (SSK).

Prof Dirk Kotze van UNISA was onlangs die gasspreker in Swellendam en Mosselbaai. Hy het gaste van SSK en PSG ingelig oor die huidige politieke arena in Suid-Afrika.




SSK Meganisasie by die Heidelberg skou.

## OOS-KAAP BOERBOK KAMPIOENSKAPPE JEUGSKOU WILLOWMORE





Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za